

LBW VRA ... : RICHARD MORGAN

WAT IS DIE GROOTSTE FOUT WAT JY IN JOU BOERDERY GEMAAK HET?

Toe ek nie genoeg voorsorg getref het nie en ek 500 lammers en ooie weens koue tydens skeertyd verloor het.

WAT IS DIE BESTE RAAD WAT JY AL OOIT GEKRY HET?

Wees passievol met wat jy ook al aanpak.

WIE WAS JOU MENTOR?

My grootouers en my pa. Hulle het die grondslag gelê waarop ek kon voortbou.

WAT IS JOU GROOTSTE UITDAGINGS IN BOERDERY?

Hoe om optimale produksie te verkry wat die grootste winsgrens verseker.

EN DIE GROOTSTE GELEENTHEDE?

Om meer grond te huur of te koop.